

Donderdag 2 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 100

Fokusgedeelte: Psalm 100:3

Ons is syne

Psalm 100 is 'n lied by die loffer. Die loffer is 'n soort dankoffer (Lev. 7:11). Met dié offer sê Israel dankie vir alles wat die HERE in hulle lewens doen en gee. Israel dank God vir verlossing en beskerming. Saam met hierdie offer word daar van harte gesing.

In ons geestesoog sien ons hoe die volk Israel van oraloor opgetrek het om in Jerusalem saam te kom. Party van hulle het 'n ver pad gekom, dae aaneen gereis om vir God te kom offer. Nou staan 'n groot menigte mense voor die tempel. Binne-in die tempel brand die vure op die altaar. Die priesters staan gereed om te offer. Maar voordat die offerdiere geslag word, praat die priesters met die volk. Hulle sê: "Juig voor die HERE, o ganse aarde! Erken dat die HERE God is!"

In antwoord op die priestersang breek die volk in 'n massakoor van duisende stemme los: "Ja, ons erken en bely dat die HERE God is. Want Hy het ons gemaak." Hy is die Almagtige, Skepper van hemel en aarde. Hy is die Pottebakker, en ons is die klei in sy sorgsame, bekwame Pottebakkershande. Hy is die Erekening, en ons is die onderdane wat geniet van sy beskermende almag.

Wat meer is: Ons is sy eiendom, sy volk, ons is die skape van sy weide. God is ons Herder. Omdat Hy ons Herder is, sal niks ons ontbreek nie. Ondanks ons sonde, ons swakheid, ons opstand teen God, ons kleingeloof, is ons en bly ons skape van sy weide. Te midde van alle swaarkry is ons geborge in sy almag. Die Herder sorg. Hy lei sy volk van oomblik tot oomblik.

Vandag is die stem van die Ou-Testamentiese Israel stil. Die tempel is afgebreek. Die Ou-Testamentiese priesterdiens is vervul. Ons het vandag 'n groot Priester oor die huis van God: Jesus Christus, ons Here (Heb. 10:21). Hy is ons Hoëpriester wat op hierdie oomblik vir ons instaan by die Vader. Hy bid vir ons en saam met ons.

En ons? Saam met al ons medegelowiges is ons bly en vol vreugde. Met die feite van Hebreërs 10 in gedagte, sing ons Psalm 100 met oorgawe. Ja waarlik, die HERE is God. Hy het ons gemaak: Hy is ons Skepper. Ons is Syne: deur Jesus Christus wettig gekoop. Skape van sy weide: sy hemelse weivelde waar daar ewige rus is. Die hemel is om Christus wil nie toe nie, maar oop! In Christus is ons skatryk.

Sing: Psalm 100-1:1, 2

Dr. GJ Meijer (Gerard) (Oos-Moot)